Eerste Gelui

12 Februarie 2023
NAGMAAL

Nuus oor die komende week, **NG Kerk Kleinmond**
Arabella, Bettysbaai, Kleinmond, Pringlebaai, Rooiels

Ons nooi jou uit na die volgende eredienste.

Gemeente-sentrum: 09:00
Ds. Theuns Henn
Skriflesing: Matteus 5: 21-37
Tema: Kenteken van die Koning

Kerksaal: 09:00
Dr. Chris Malan
Skriflesing: Jesaja 61: 1
Tema: To bind up the brokenhearted

Kerkgebou: 09:30
Ds. Jannie Hougaard
Skriflesing: 1 Kor. 6: 13-20
Tema: Saam-werking. Dit sluit aan by die gedagte dat ons as gelowiges die liggaam van Christus is.

Die diens in die kerkgebou word op Kieskerk geplaas.

Die skakel na Kieskerk:
https://kieskerk.com/ng-gemeente-kleinmond/
https://kieskerk.com/ng-gemeente-

Deuroffers

Die deuroffer is vir die Dickey Webb-fonds wat kinders in Proteadorp finansieel ondersteun met skool- en tersiêre opleiding.
Volgende Sondag is dit vir Gemeentebediening.

Die tyd tussen Epifanie en Lydenstyd

1 Januarie tot 19 Februarie

Hierdie tyd word in verband gebring met Jesus se aardse bediening voor sy reis na Jerusalem.

Die kleur vir hierdie tyd is groen, die kleur van groei. Dit is simbolies van die groei van die kerk in die wêreld.



Lidmate wat voorbidding baie nodig het

Dawie Kruger van Bb2, Johan van Zyl van KB5 en Christa Fick van PM3. Bid asseblief dat ‘n geskikte nierskenker vir Christa gevind sal word.
Bid ook vir Johan Burger van BB1, Piet le Roux van KB4 en Beth de Villiers van Sa4.
Ons dink met groot meegevoel aan Jane Viviers van Sb4 en haar familie na Danie se dood asook aan Hermien van Zyl en haar familie na Frederick se dood. Ons dink ook aan die familie van Martha Matthee van KP na haar dood. Mag hulle die Here se teenwoordigheid elke dag ervaar.

KLEINMOND SOPKOMBUIS

Die Kleinmond sopkombuis begin weer in Februarie 2023. Ons benodig asseblief leë koffiebottels met deksels. Die bottels kan gedurende kantoorure by die Kerksaal in Eerstelaan Kleinmond afgelaai word. Daar is 'n tafel in die ingangsportaal daarvoor. Baie dankie aan almal wat al bottels geskenk het. Waardeer opreg.

Arbeidsbediening

Ek is besig, besig, besig… Baie besig, kyk hoe loop ek heen en weer…

As julle My openlik erken voor die mense, sal Ek julle ook openlik erken voor My hemelse Vader. Mat10:12

Dalk kan u nog ‘n tydjie inpas by Arbeids-bediening by EEN werksplek?
Bel Andries (078 1020 662) of Hannes (084 549 3729)

Rousmart

Almal wat wil help om lidmate wat iemand aan die dood afgestaan het by te staan, kan Magda Leibrandt bel (082 864 6429)

Diensverhoudinge

Die kommissie vir diensverhoudinge sal nuwe lede verwelkom. Veral persone met ‘n agtergrond van Arbeidsverhoudinge en/of Personeelbestuur. As die persoon boonop bereid is om leiding te neem, sal dit ‘n groot leemte vul.

Kuiergeleenthede

Almal wat bespreek het vir môre, Saterdag, se ete, word herinner dat dit 12 uur by die kerksaal is. Bring eie drinkgoed en glase. Die res word verskaf.

Die volgende geleentheid is Hangklip se gewilde hoeder-ete op Vrydag 10 Maart en
dit is ‘n wegneem-ete. Meer inligting volgende week.

Basaar in Kleinmond op 1 April

Nee, dis nie ‘n April-grap nie!

Daar word gesoek na iemand wat die leiding sal neem by die manstafel. Koos de Wet is nog daar, maar wil geleidelik die leisels oorgee.
Hoe lyk dit?
Ons soek ook ‘n sameroeper by die manstafel en vir die kindertafel en vir speletjies. Is daar nie ‘n pa of ma wat kans sien nie?

Baie welkom

Bewys van lidmaatskap is van die volgende lidmate ontvang. Ons hoop hu7lle sal baie gelukkig in ons gemeente en gemeenskap wees.

Abraham Johannes en Johanna Jacoba Conradie van Upington-Noord (PM3)
Ignatius Michael en Susanna Johanna Prinsloo van NHK Kruin (Sb3)
Petrus Jacobus en Marlené Botha van Brackendal (Sc1)
Anna Elizabeth Margaretha Kleynhans van Andrew Murray (Pretoria) (Sa4)

Baie geluk aan almal wat sedert die vorige Eerste Gelui en in die komende week verjaar. Mag die Here se teenwoordigheid jou versterk in die nuwe lewensjaar.

11 Februarie

Alida Fourie 0828222112 van KB4
JC Swart 0832693964 van Sb4
Willie Van Der Merwe 0791675759 van BB3
William Van Der Merwe 0828814746 van KB2
Rian Van Niekerk 0837329789 van PM1

12 Februarie

Beulah Atterbury 0659242974 van Sc4
Mundi Barnard 0823373997 van KB5
Famke Boonzaaier 0714734235 van KB1
Dorie Greyling 0832707102 van Ba1
Zita Liebenberg 0626784309 van PM2
Jenny Van Wyk van BB2
Anita Van Zyl 0739759610 van KB1
Annelize Visser 0828612047 van Ba2

13 Februarie

Rita Nel 0836149502 van Ba1
Wilhelm Stals 0765243688 van RE
Burny Swiegelaar van BB2

14 Februarie

Cobus Botha 0839762341 van PB2a
Maryna Britz 0845887622 van KB6
Jacques Combrinck van Sc3
Mieke Frowein van BB3
Sanmari Kruger van PM1
Jorika Rabie 0726168418 van BB3

15 Februarie

Hannetjie Brits 0815682031 van Sb1
Ruben Hyman van Sb4
Dollie Kirsten 0828755016 van BB6
Elsa Naude van BB5
Alida Schlebusch 0823776948 van PB1
Monica Steyn van PB3
Yvonne Van Wyk 0723693668 van BB3

16 Februarie

Bets De Klerk 0836523587 van KP2
Danie Symington 0825630323 van HK2
Trudie Van Der Westhuizen 0722393366 van Sb4
Marlize Van Niekerk0824827130 van HK3

17 Februarie

Piet Botha 0835903637 van Sc1
Charl Calitz 0724810658 van Bb 1
George Du Plessis0836677035 van HK3
Theuns Du Toit van Bb 1
Helen Gschwendtner 0720359967 van BB4
79 Stienie Havenga 0832776321 van HK1
Coba Matthee 0832181806 van Bb 4
Johan Uytenbogaardt 0824506855 van Sa4
Hannes Vlotman 0664429351 van Sa4

VAKATURE

KOSTER VIR DIE NG KERK, KLEINMOND.

Aansoeke vanaf geskikte kandidate vir die pos van Koster word tans by die kerkkantoor, Kleinmond ingewag.
Aansoeke moet minstens die volgende dokumentasie insluit:

- Aansoekbrief gerig aan: *Die Voorsitter, Kerkraad, NG Kerk Kleinmond, 7195*
- Kort CV van hoogstens 3 bladsye
- Afskrif van ID-dokument

Sluitingsdatum vir aansoeke: 17 Februarie 2023 om 12:00
Aansoeke kan per hand by die Kerkkantoor van die NG Kerk Kleinmond, 4de Laan, Kleinmond ingelewer word of kan per e-pos gestuur word aan nelineburger@gmail.com

Diensvoordele sluit in:

- ’n Totale Koste vir Indiensnemingspakket (TKVI) per maand bereken vir 30 uur per week op posvlak 6, kerf 7 van die sinodale salarisskale. Die TKVI sluit die volgende in:
  Basiese maandelikse salaris + jaarlikse bonus (13de tjek) + WVF (werkgewersdeel van 1%)
- Verlofvoordele.

Die pligte sal onder andere die volgende insluit:

- Die koster sal aan die Eiendomskommissie en Bedieningsbestuurder van die gemeente rapporteer.
- Dit sal van die koster verwag word om 30 uur fleksietyd per week (Maandag tot Sondag) diens te lewer en sal ongereelde werksure insluit.
- Gereedmaak van die kerkgebou en kerksaal vir eredienste.
- Lui van die kerkklok.
- Reëlings en ondersteuning ten opsigte van funksies, troues en begrafnisse.
- Verantwoordelik vir die skoonmaak en instandhouding van geboue en terrein.
- Toesighouding oor instandhoudings- en skoonmaakpersoneel.
- Koördinering van gemeentelede wat op vrywillige basis by sommige take betrokke raak.
- Administratiewe diens in die ontvangslokaal van die kerk.
- **’n Volledige pligtestaat is op aanvraag beskikbaar.**

Die ideale kandidaat moet verkieslik oor die volgende bevoegdhede beskik:

- Basiese tegniese vaardighede.
- Vermoë om te organiseer.
- Ervaring in toesighouding oor personeel.
- Vermoë om goeie menseverhoudinge te kan handhaaf.
- Vermoë om inisiatief aan die dag te lê.
- Moet oor eie vervoer beskik.

Voorkeur sal aan aansoekers uit Kleinmond gegee word.

Diensaanvaarding: 1 Maart 2023 of so gou as moontlik onderhandelbaar daarna.
Meer besonderhede is by die Kerkkantoor in Kleinmond beskikbaar.

Dit kan van kandidate verwag word om op uitnodiging vir onderhoude aan te meld

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Bid so vroeg in die jaar spasiaal vir die onderwysers, ons skole en leerders

Vleilandskoonmaakdag

Eko-bediening het ‘n suksesvolle Vleilandskoonmaakdag gehad. Daar was ongeveer 20 volwassenes en net meer as 30 Strandlopers.
Hier is die oes: 9 sakke rommel: 35 kg, 12 sakke herwinbare materiaal: 46 Kg. Totaal: 21 sakke 82.6 kg.
Baie dankie aan almal wat ondersteun het.



Ons gemeente vereenselwig ons met die volgende:

Draers van Sy Lig

Verskilmakers met Deernis

Ambassadeurs van Hoop

FOKUS 2023

“GOD HET ONS GEMAAK WAT ONS NOU IS;

IN CHRISTUS JESUS HET HY ONS GESKEP

OM ONS LEWE TE WY AAN DIE GOEIE DADE WAARVOOR HY ONS BESTEM HET.”

EFESIËRS 2:10